# Liturgiese Riglyne

**S O N D A G O G G E N D 09:00**

## Nader as 'n klipgooi ver

**Skriflesing:**
Lukas 22:31-46

**Teksvers:**
Lukas 22:41

**Sing:**
Ps 66:1, 6
Ps 65:2, 4
Ps 34:2, 8
Ps 68:2, 9
Sb 13-3

**Prediker**: Ds Lourens Venter

Waak en bid dat julle nie in die versoeking kom nie. Hierdie woorde is nie maar net goeie raad nie, dit is wesenlik in ons behoud van geloof. Om te waak en te bid, bedoel om wakker te wees, om gereed te wees, maar ook om tot God te nader. Om op die Here te wag.

So moes die dissipels saam met Jesus waak en bid, daar by Hom, in die tuin omtrent so ver 'n mens 'n klip kan gooi. So naby, en tog so ver. Nader as 'n klipgooi ver.

**S O N D A G A A N D 18:00**

## Christus se opstanding is ook my opstanding

**Skriflesing:**
Efesiërs 2:1-10

**Teksvers:**
Efesiërs 2: 4-6

**HK**: Sondag 17 vraag en antwoord 45

**Sing:**
Ps 145: 1,2,3
Ps 51:7
Sb 10-2
Ps 71:1,7,14
Sb 13-2

**Prediker**: Ds Christo Swanepoel

Hoofpunte:

1. Christus se opstanding en my regverdigmaking.

2. Christus se opstanding en my heiligmaking.

3. Christus se opstanding en my heerlikmaking.

*"Maar God is ryk in barmhartigheid en het ons innig lief. Deur sy groot liefde het Hy ons wat dood was as gevolg van ons oortredings, saam met Christus lewend gemaak. Uit genade is julle gered!"* Efesiërs 2: 4-6



KOMMUNIKAATJIE
Gereformeerde Kerk Centurion
Jaargang 47 Nr 13 17 April 2022
Webblad: http://www.gkcenturion.co.za

# Die bloed sal vir julle 'n teken wees

Paasfees het vir soveel verskillende kulture en gelowe 'n besondere betekenis. Vir die Jode is die Pesag die begin van die nuwe jaar. Dit is een van die hoogtepunte van die kerklike kalender wat elke jaar gevier moet word. Op hierdie dag, ong 3400 jaar gelede het die Here hulle gered uit Egipte. Vir die Egiptenaars is dit nie juis 'n fees om te vier nie.

In Christus is die beloftes van die Testament vervul en vier Christene 'n ander soort Paasfees as die Jode. Maar nie alle Christene vier op dieselfde wyse Paasfees nie. Sommige reis na Jerusalem en gaan wandel in Jesus se spore, en martel hulleself om te deel aan Christus se lyding en smarte.

Sommige assosieer Paasfees met paasbolletjies, ander met kerrievis en ander met 'n pelgrimsreis na Moria. Daar is natuurlik ook diegene wat in Paasfees slegs die voordeel sien van 'n langnaweek en 'n ekstra vakansie.

Wat maak Paasfees vir jou spesiaal?

Aan die een kant sou ons kon redeneer dat Paasfees nie meer vir Christene 'n fees is om te vier nie, aangesien Christus die betekenis volkome vervul het. Hy het aan ons 'n ander fees gegee, die Nagmaal.

Tog kan ons ook aan die ander kant die kosbaarheid sien van die waarde wat hierdie vervulling van die Paasfees gebring het. Vergifnis van sondes en gemeenskap van geloof. Die Paasfees is 'n merker om ons te herinner aan dit wat ons ontvang het in Christus.

Die bloed as teken. Die bloed aan die kosyne was 'n teken. Nie net 'n teken van die verlossing nie, maar ook van die dood. Die bloed is 'n teken van God se oordeel en sy genade. Daardie bloedteken het verlossing gebring. Nie verlossing van die slawerny van die Egiptenaars nie, maar verlossing uit die hand van die Engel van die dood. So word die bloed van Christus ook vir ons 'n teken.

As die Vader die bloed sien, is dit 'n teken van die verlossing wat verwerf is. Dan sal die dood ook by jou pasga (verbygaan). Leef dan in daardie gemeenskap met God en dink aan die teken van sy bloed ook met jou doop.

Lourens (vdm)

## *ALGEMENE INLIGTING*

***EREDIENSTYE***

Afrikaanse Oggenddiens: 09:00
Engelse Diens: 11:00
Afrikaanse Aanddiens: 18:00

*Vrug van die Gees!*

Ds Maarten van Helden: 072 143 1855
Ds Gerrit Kruger: 082 964 5595
Ds Lourens Venter: 082 529 2330

*Kantoorure:* ***Ma-Do*** *08:15 - 13:00*
Telefoon: **012 664 2614**
Epos: Kerkkantoor—**kerkkantoor@gkcenturion.co.za**

Basdenlaan 226
Lyttelton

***Inhandiging van Kommunikaatjie-berigte sluit Woensdae om 12:00***

- - - - - - - - - - - - - - - - - - - - - - - - - - - - - - -

**NUWE INTREKKERS:** Nuwe intrekkers word gevra om na die erediens voor by die klavier aan te meld.

**VIDEO UITSENDINGS** Volg skakel op gemeente se webblad **gkcenturion.co.za** of ons internetskakel **stroom.gkcenturion.co.za**

**EREDIENSTE OP INTERNET:** http://kerkdienstgemist.nl/assets/516 (direk of opname).

**LUISTER NA EREDIENSTE OP SLIMFOON**: TOEP: **Kerkdienst Gemist.**

**BIBLOS BYBELVERSPREIDINGSPROJEK:** Esmé 083 381 6428/esmel.prins@gmail.com.

**KATKISASIE**: Vandag: Geen  Volgende week: Les 8, Ps 84:1,6

## KOLLEKTES

**Vandag:** Tydens erediens: Barmhartigheid

By die deure: Teol studentekas

Skep-Hoop-Fonds

**Volgende week:** Barmhartigheid

By die deure: Kerkkas

***Maandelikse bydraes dmv EFT***

***Verwysing:*** *Voorletters (almal) en Van sowel as Wyk nr*

| **Kerk se bankbesonderhede:** | **Inbetalings vir die Diakonie:** | **Inbetalings vir die Susters:** |
|---|---|---|
| Rek Naam: Gereformeerde Kerk Centurion | Rek Naam: Diakonie Gereformeerde Kerk Centurion | Rek Naam: Gereformeerde Kerk Centurion Susters |
| Bank: ABSA Lyttelton | Bank: ABSA Lyttelton | Bank: ABSA Lyttelton |
| Takkode: 632005 | Takkode: 632005 | Takkode: 632005 |
| Rek no: 600 340 409 | Rek no: 600 280 589 | Rek no: 600 340 417 |



## Eljada Huis

**Volledige behoeftelys:** Is op die kennisgewing-bord geplaas

**Deurlopende behoeftes:** Margarien, konfyt, grondboontjiebotter, suiker, koffie, tee, hawer-mout, macaroni, rys, koekmeel, kookolie, gebakte bone, soja, vis in tamatiesous, bruinlen-sies, droë ertjies, soppoeier, waspoeier, toiletpa-pier, tandepasta, badseep, skeermesse, sjam-poe, sanitêre doekies.

**Wol**—enige afvalwol, ons wil graag winterkom-berse brei/hekel.

Plaas die goedere in die waentjie onder die boom. Baie dankie.

Hennie vd Vyver 084 424 0421

## TEESKINKBEURTE

Instruksies vir die regsit voor die diens, skink en opruim na die erediens is in die kombuis opgeplak.

**24-Apr**

Elize van den Berg  Blok A
Louisa vd Walt  Blok B
Doret Pretorius  Blok C



**08-May**

Esther Hoffmann  Blok A
Elzabé Barnard  Blok B
Leandre Struwig  Blok C



**Verkoop u, u huis?** Onthou dit is u Verkoper se keuse om die prokureur aan te stel. Ek sal u graag daarmee wil help. Pieter Wolmarans 08394988 99.

**Te huur—**Protea aftreeoord 38, Gloverlaan beskikbaar vanaf 1 Mei 2022. 2 slaapkamer, toesluitmotorhuis, ekstras ingesluit. R9 800 plus eie elektrisiteit. Kontak Dirk Toet 0824965187

**Centurion Christelike Laerskool**
**Opedag**
**22 April 2022**
**om 10:00**

## GKC Kosbank

Die doel van die kosbank is om aan lidmate en hulle families kos te voorsien tydens 'n siekte/hospitalisasie/herstelproses.

Indien jy bewus is van 'n behoefte, kontak asb: Diaken, Ouderling of Predikant.

## Bybelstudie
## Juventus (18-24)

Woensdagaande 18:00

\- - - - - -

## Ouventus (25-35)

Woensdagaande 19:00

## Mootkamp

**Skoolverlaters**: 10 tot 17 Julie 2022 (R850 pp)
**Groepleiers**: 8 tot 17 Oktober 2022 (R950 pp)
**Kampterrein**: Hartbeesfontein Voortrekkerplaas (45km Noord-Oos van Pretoria)
Vir meer inligting - https://www.mootkamp.co.za/
Vir algemene navrae—moot@gkbrooklyn.org.za

## Bybelskool van Centurion 2022

bied aan

*Die Christen en sy werk*

Begin datum: **3 Mei 2022**
(vir 8 weke)
**Almal welkom**

**Plek**: GK Centurion Kerksaal
Basdenlaan 226, Lyttelton
**Tyd**: Elke Dinsdagaand 19:00-20:30
**Koste**: R100 pp
**Aanbieder**: **Ds Lourens Venter**
**Inskrywings**: Ellouis 012 664 2614 (kantoor)
Hein Kaiser 082 772 7718

*"Ses dae moet jy arbei en al jou werk doen; maar die sewende dag is die sabbat van die Here jou God; dan mag jy géén werk doen nie..."*
(Eksodus 20: 9, 10a)

## Dopperspele

aangebied deur GK Andeon
op 14 Mei

Hierdie dag verleen hom om 'n dag van hartelike samesyn te wees. Elke gemeente kry 'n area waar hulle 'n "gazebo" kan opslaan en lekker saam sit en kuier en tussendeur aan die sporte deelneem.

Daar word meegeding in 10 sportsoorte. Die afgelope jare was dit: Vlugbal, tafeltennis, ringtennis, toutrek, veerpyltjies, vingerbord, pluimbal, "bouls", jukskei en "pool" en die beplanning is om dit hierdie jaar weer so te reël.

Daar is ook stalletjies wat allerlei dinge verkoop soos kos, pannekoek, koeldrank, koffie, tee ens.

**GKC wil ook 'n span inskryf—gee jou naam op by De Wet Burger (083 216 2876) indien jy wil deelneem.**



# Verjaarsdae

***Belydende lidmate***

| | | | | |
|---|---|---|---|---|
| 17-Apr | Anneri | de Jager | B17 | 27829240529 |
| | Marco | Engelbrecht | A10 | 27727388109 |
| | Clara | Jv Rensburg | C03 | 664 1530 |
| 18-Apr | Martie | Hoffman | A02 | 27730473364 |
| | Liezel | Louw | C14 | 27824189113 |
| | Kelly | v Staden | A15 | 27761067724 |
| | Wilna | van Zyl | B05 | 27825795853 |
| 19-Apr | Marinus | du Plessis | B09 | 27836091275 |
| | Hannetjie | Greyling | A03 | 27760549990 |
| 20-Apr | Daleen | Kruger | B08 | 27834094103 |
| | Marietjie | Smit | B07 | 27713629164 |
| | Magda | vd Schyff | A03 | 27795110196 |
| 21-Apr | Juanita | de la Porte | A12 | 27834197833 |
| | Willem | vd Westhuizen | A12 | 27786227348 |
| | Cindy | Viviers | A12 | 27737164895 |
| 22-Apr | Liesje | Kuperus | B07 | 27834811160 |
| | Suzette | Momberg | B05 | 27827509138 |
| | Cornea | v Nieuwenhuizen | C08 | 27764029885 |
| | Janette | Veldsman | C08 | 27722147345 |
| 23-Apr | Elize | Hoogendyk | A01 | 27847644692 |
| | Hennie | Kruger | B08 | 27825752012 |
| | Fanie | Oosthuizen | C04 | 27836503001 |

***Dooplidmate***

| | | | | |
|---|---|---|---|---|
| 20-Apr | Ruan | De Souza | A08 | 27835611221 |
| | Anrich | Groenewald | A03 | 27828195947 |
| | Christoff | Klopper | C12 | 27825777190 |
| 21-Apr | Emma | Rheeders | B05 | 27825151558 |
| | Lize | Venter | B14 | 27724377852 |
| 23-Apr | Annabelle | Groenewald | A03 | 27828195947 |

# Ons gee om vir Mekaar

*"... Moenie bang wees nie."* Mark 6:50

- **Carel Impey** sterk aan na 'n operasie in Midstream hospitaal (B18—082 928 4751).
- **Mariana Pelser** het 'n oogoperasie ondergaan (B15—082 654 4789).
- **Meelewing** word betuig met die families van André, Karen Kirsten en Theuns, Annelie Louw. André en Annelie se pa is gedurende die week oorlede.

***Ons lidmate word aan die liefdevolle versorging van die Here opgedra***

## Jan die Koperkan



Voor by die hoofingang van die kerk staan 'n koperkan. Kom skenk gerus al u kopergeld wat rondlê.

Alle gelde wat daarin gegooi word, word geskenk vir ons teologiese studente.

Baie dankie vir almal wat hierdie projek van ons so mildelik ondersteun.

## *Alethea Outreach*
## *11:00*

Worship Service
Like us on facebook:
https://www.**facebook**.com/aletheaministry/